



# BRAFORD

SUID - AFRIKA | SOUTH AFRICA



---

MAART | 2022 | MARCH



# VOORBLADFOTO

- Meaker Braford, Warden



## INHOUD

- Vanaf die Raad
- Keurings en Plaasbesoeke
- Road Trip
- Veilings 2022



## Uit die Kantoor



Dit was 'n besige drie maande in die kantoor. Baie telers het hul admin op datum gekry, waaroor ek baie dankbaar is. Die kantoor het ook geskuif vanaf Bultfontein na Rouxville. Alles verloop weer normaal.

Die nuutste heffingslyste sal einde van die maand uitgestuur word, wat almal kans gee om hul kalwers wat met speen uitgehaal word, te kanselleer. Kansellasies moet dan die kantoor teen 25 Mei 2022 bereik.

Onthou asseblief om tydens speen, die kalf sowel as die moeder te weeg en al die inligting te stuur vir opname.

Kyk ook uit vir die Nasionale Veiling se inskrywingsvorm wat die week uitgestuur word.

Braford groete.

*Marguerite Fouché*

072 594 4500  
info@braford.co.za

Volg ons op  
Facebook & Instagram



## En die manne maak reg vir Bloem!

Kom besoek die Braford uitstalling tydens die Bloemskou, 27 April - 7 Mei 2022.



# VANAF DIE RAAD

GERT VANDER MERWE | BONHEUR BRAFORDS

Nie alleen is ons 8ste Nasionale Veiling om die draai nie, maar ook verskeie telers se produksieveilings. Verlede jaar was daar goeie gemiddelde pryse vir bulle en teeldiere behaal en ons Glo en Vertrou dat die Bek- en Klouseer nie ons veilings gaan beïnvloed nie.

Weidings was die jaar baie mooi agv goeie reën en ons kon dit ook aan die speenkalfgewigte sien.

Die Braford Raad moes ook 'n paar besluite neem rondom die algemene bestuur en 'n paar veranderinge moes gedoen word. Wat 'n voorreg was dit nie om Marguerite en Lisa op die plase te ontvang nie. Dit het reeds 'n groot verskil gemaak aan die rekordhouding asook bemarking.

Die leemte wat Flaf Lauwrens gelaat het na sy afsterwe, sal ons nog lank bybly, maar Mynie sal steeds deel van die Braford familie bly.



Dankie aan ons president, Jan Meaker asook die raadslede wat hulle alles vir die Braford s doen en beteken. Wessel is 'n ware staatmaker en ek wil hom ook bedank dat hy bereid is om met die keurings behulpsaam te wees, asook help om die Junior keurders op te lei.

Ek sluit af met die volgende:  
"Not a moment of life is wasted on a farm. Others may have been more places, but they haven't outlived me."  
- Jim Fisher, Texas Ranger

Bly gesond en 'n geseënde jaar vir almal vorentoe.

Gert van der Merwe





# KEURINGS & PLAASBESOEKE

Die raad het onlangs vergader en die pad vorentoe vir die keurings en plaas besoeke bespreek. Die volgende besluit is geneem wat prakties en finansiële die beste is vir ons as genootskap.

Wessel Wessels is ons hoof keurder en ook in beheer van al die keurings en navra. Wessel gaan self by heelwat keurings uitkom. 'n Junior keurder sal saam met hom gaan om opgelei te word sodat hy in die toekoms moontlike keurings alleen kan hanteer.

- Senior keurders per streek gaan ook help met keurings tesame met 'n junior keurder.
- Daar gaan dus altyd 2 keurders by u as boer opdaag om die dag se keurings te hanteer.
- Keurings form is opgestel om die keurder te help om na al die detail te kyk volgens ons ras standaard.
- Margerurite gaan vir ons 'n skedule opstel per streek sodat al die betrokke persone hul beplanning kan doen.
- Enige plaas besoeke wat u benodig kan u asseblief met Marguerite reel, sy sal dan reel met 'n keurder om by u uit te kom en indien u 'n spesifieke keurder graag wil sien vir raad, kan u daarvoor vra.

Ons wil graag die ras standaard baie hoog hou en

die keurings baie streng en volgens ras standaard doen.

Alle keurders in die veld moet ook elke jaar betrokke wees by keurings asook keuring kursusse bywoon sodat enige vernadering in die ras standaard en/of opskepinge en fokus punte bespreek kan word.

Enige vrae of voorstelle van u kant af sal waardeur word.

'n Junior Keurders kursus is op 22 en 23 Februarie by my op die plaas aangebied. Vickus Tromp, Jan van Niekerk, Johan de Jager, Faan en Janne Greyling het dit bygewoon.

Met vriendelike groete,

Jan Meaker  
079 883 9760





# ROAD TRIP

Marguerite en Lisa het gedurende Februarie 'n paar telers besoek. Die doel was dat Marguerite bietjie haakplekke met die admin bespreek en Lisa fotos neem wat vir advertensie doeleindes gebruik kan word.

Hul roete het by Wessel Wessels afgeskop waar hul baie mooi diere gesien en fotos geneem het. Vandaar is hul na Jan Meaker. By Jan is prag fotos geneem, Raadsvergadering gehou en Junior Keurders Kursus aangebied. Carla was baie gasvry en het heerlike kos voorgesit. Volgende op hul roete was Ralf Rodewald. By Ralf is bulle wat voorberei word vir die Nasionale veiling afgeneem. Marguerite moes hul aandag trek en Lisa het die fotos geneem. Daar het 'n paar mooi fotos uitgekam! Thiele Estates was volgende op die lys. Dit was vir hul 'n belewenis om al die werksaamhede op die plaas te sien. Karen het hul baie welkom laat voel al was sy bietjie senuweeagtig oor die admin wat

Marguerite wou bespreek. Hul is vandaar na Jan van Niekerk by Stapelberg Broers. Jan het hulle baie beïndruk met sy kosmaak vernuf. Baie moeite is gedoen met die terrein waar die diere afgeneem is. Sommer naby aan Jan is Athalia Braford's. Herman Gerber het vir die dames sy pragtige diere gewys. Die weer het hul begin vang, maar daar is ook baie mooi fotos geneem. Gert van der Merwe was teen daardie tyd al baie bekommerd oor die dames wat so laat oppad was na hulle. Irma het hulle ontrent bederf met haar kosmaak vernuf. Mooi fotos is geneem van veral die bulletjies wat Johan voorberei om aan die Elite Bul kompetisie by die Bloemskou deel te neem.

Wat 'n voorreg was dit nie vir die dames om te sien waar die telers boer en in hul pragtige omgewing saam met hul te beweeg nie.





# 8ste



# NASIONALE VEILING

11h00 • Woensdag, 15 Junie 2022



[www.braford.co.za](http://www.braford.co.za)

Braford Beestelersgenootskap van S.A

**NAVRAE:**

PM Swart 083 948 3345

Jan Meaker 079 883 9760

[info@braford.co.za](mailto:info@braford.co.za)







# 2<sup>de</sup> PRODUKSIEVEILING

11:00, WOENSDAG 22 JUNIE 2022

Polocrosse Klub, Bethal



PM Swart 083 948 3345 • Gert van der Merwe 082 653 0323 • Johan de Jager 060 966 3693

# 7<sup>de</sup> PRODUKSIEVEILING



WOENSDAG  
6 Julie 2022  
om 11:00



NAVRAE:

PM Swart

083 948 3345

Carl Thiele

082 944 0480



PLAAS SCHIKHOEK, PAULPIETERSBURG

AANBOD:

30 Stoetbulle



# MEAKER BRAFORDS

# 10de PRODUKSIEVEILING



## 20 Julie 2022 12:00

Afslaer: P.M Swart 083 948 3345  
Jan Meaker 079 883 9760

Vrede/Warden  
www.meakerbrafords.co.za  
Plaas Draaihoek  
S27°47'46.15" E29°09'46.89"



DEEMED AS THE  
MOST EFFECTIVE  
BREEDING COWS  
WORLDWIDE

### JUNE

14/06/2022 SA Braford AGM  
The Bull Ring, Davel/Ermelo  
Marguerite Fouché +27 72 594 4500

15/06/2022 8th SA Braford National Auction  
The Bull Ring, Davel/Ermelo  
PM Swart +27 83 948 3345

21/06/2022 Highveld Cattle Breeders Auction  
The Bull Ring, Davel/Ermelo  
Herman Gerber +27 81 016 5617

22/06/2022 Bonheur Brafords 2nd Production Auction  
Polocrosse Club, Bethal  
Gert van der Merwe +27 82 653 0323

### JULY

06/07/2022 Thiele Estates 7th Production Auction  
Farm Schikhhoek, Paulpietersburg  
Carl Thiele +27 82 944 0480

20/07/2022 Meaker Brafords 10th Production Auction  
Vrede / Warden  
Jan Meaker +27 79 883 9760

27/07/2022 OTVL Bull Auction  
Ermelo  
Jan van Niekerk +27 82 556 5965

### AUGUST

25/08/2022 OVS Veld Bull Club Auction  
Auction Ring, Vrede  
Vickus Tromp +27 72 823 1118

31/08/2022 Brafords@Besters  
Besters Auction Ring  
Theuns De Jager +27 72 909 1861  
Carl de Jager +27 83 300 6615

### SEPTEMBER

15/09/2022 Beefpower Braford Auction  
Sun Down Lodge, Aliwal North  
Van Aardt Greyling +27 82 782 7674

## 2022 BRAFORD CALENDAR

Contact us Jan Meaker +27 79 883 9760 / Marguerite Fouché +27 72 594 4500 / E: info@braford.co.za / www.braford.co.za

Follow us on Facebook and Instagram



SA BRAFORD



[www.braford.co.za](http://www.braford.co.za)

